

Die volgende skrywes/ waarskuwings van inwoners bevat belangrike inligting waarvan u kennis behoort te neem. Hopelik sal ons owerhede wat wette in Wellington moet toepas en die situasie tov leeglêers moet aanspreek kennis neem hiervan. Dit kan nie 'n gesonde situasie wees as besighede wat werkverskaffers is hul deure moet sluit a.g.v. die onvermoë van owerhede om die probleem met leeglêers aan te spreek nie.

Die volgende skrywes/ waarskuwings van inwoners bevat belangrike inligting waarvan u kennis behoort te neem.

1. Aanval op minderjarige meisies:

“Op Saterdag aand 17 Mei 2014, om ongeveer 10h00, is twee minderjarige meisies wat huis toe geloop het, in **Derde Laan Uitsig**, deur drie mans (laat 20's vroeë 30's) wat hulle klaarblyklik agtervolg het, aangeval en beroof. Hulle is met 'n mes gedreig en alhoewel net 'n handsak beroof is, was die trauma wat hulle beleef het veel erger. Hulle het om hulp geskree en die polisie is ontbied deur 'n inwoner in die straat wat hulle gille gehoor het. Die Wellington polisie was ongelooflik vinnig op die toneel en binne 10 minute is twee van die drie aangekeer wat die beskrywing van die aanvallers gepas het. Hiermee moet die Wellington polisie bedank word vir hulle flinke optrede vir die 2de keer in twee weke wat hulle uitgeroep is. Hulle verdien groot krediet en waardering vir hulle optrede en dit word hoog op prys gestel.

Ek wil ouers ook graag daarop attent maak dat dit glad nie meer veilig in Wellington is, vir kinders om saans in die strate te loop nie, veral nie meisies nie, al is dit dan nou net 'n blok of twee. Die bogenoemde insident kon baie erger gevolge tot gevolg gehad het! Groete.”

Daar was ook gister (Dinsdag 2014.05.20) 'n voorval in Kerk Straat, naby Victoria park waar 'n meisie wat op die sypaadjie gestap het om haar nek gegryp was deur 'n bruinman. Die man was deur 'n verbygaande motoris gekonfronteer waarna hy toe die meisie gelos het maar toe op die Motoris begin vloek en skree. Na bewering is die man een van die leeglêers wat gereeld rondom die parkie opgemerk word.

2. Leeglêers en Haweloses

2.1 “Ek wil graag op een van die opmerkings reageer oor die haweloses wat nou op die ou koffiewinkel se stoep slap. Ons het die perseel gehuur vir 'n jaar en dit verfraai en sodoende daarin geslaag (om na 'n daaglikse bakleiery) die haweloses van ons stoep af te hou. Ongelukkig, na 5 inbrake, gedurige moeilikheid en inmengery met ons klante, dromme wat snags uitgegooi word, 'n groentetuin wat ons agter die perseel geplant het wat eenvoudig verwoes is en aanhoudende gedeurloperie wat ons klante gepla het, het ons na 'n jaar moed opgegee en die koffiewinkel toegemaak. Dit het vir ons geld gekos en was glad nie die moeite werd nie. Die polisie kan getuig van al die saaknommers wat hulle besit a.g.v. inbrake by die ou Kristies. Dit is jammer dat hierdie pragtige gebou eenvoudig verwaarloos word maar voordat al my goed afgebrand word deur die vure wat elke nag op die kerkterrein plaasgevind het en ons waterkraan buite wat eenvoudig na willekeur gebruik is, het ons besluit om halt te roep en die plek toe te maak. *Tensy hierdie area beskerm word met 'n baie hoe muur, sal hierdie gebou al hoe meer verval en dit is 'n skande vir ons dorp.* Van ons klante van oorsee was mal oor die gebou en die storie daaraan. Waarom word die gebou nie beskerm nie. Glo my, geen besigheid sal ooit hier werk nie. Groete Yolande Fourie”

2.2 “Ons by SEEFF is raad-op oor die mense wat op die straat lê, eet, drink, dronk op ons motors lê, en ook die straat vir “alles” gebruik!!!! Sodra ons hulle vra om weg van ons motors af te staan, maak hulle die lelikste aanmerkings, ens? Ons kliënte van ander dorpe af het al gesê dat dit hulle totaal afsit van Wellington, so, ons is ongelooflik ontevrede oor dit, aangesien dit ons besigheid en ook besigheid vir Wellington baie benadeel!!! Ons voel dit raak nou aan ons sakke!!! Ons werk baie middag en aande tot laat en voel uiters onveilig aangesien die mense tot laat hier rond is! Attie, wat staan ons te doen? Groete, MARILIZE”

2.3 “Wanneer hulle die hawelose mense bespreek, wil jy dan nie sommer my probleem ook opbring nie, My stoepsitters in Hoofstraat wat op die sypaadjie voor my sit en wag vir bakkies sit en doen alles daar, nommer 1 en 2. Ek maak elke aand skoon. Die munisipaliteit mense weier om daar skoon te maak. So is die plante wat ek

geplant het ook tot niet, deesdae lê en slaap hul sommer daar, ek het ook met polisiehoof, Barkuizen gepraat, oor die dreigemente wat ek en my huishulp deesdae kry. Maar as ek doen wat hy voorstel, teken ek so as te waarheid my doodsvonnis. Ek is van plan om na die son te gaan met die storie omrede die polisie en wetstoepassers niks aan hul doen nie.....ook nie my hulpkreet nie, sal hul eers wakker skrik as die polisie my lyk daar kry die dag..... ek dink ek moet ons liewe Burgemeesters en Albertus Buckle gaan haal by hul huise en daar gaan sit maak, om te sien wat ek moet deurmaak, dreigemente, vloek, skel, en hoe my honde gegooi word, sowel as wanneer dit reën, dan klim hul oor die draad en maak hul tuis op my voorstoep. Groete Martie

2.4 “Ek ry vanoggend, 22 Mei, uit Wellington en sien waarvan die vorige skrywer sy mening gegee het oor die stoep slapers / plakkers op die Koffie winkel, regoor die Moeder Kerk, wat gesluit het se stoep. Dit lyk of die hele stoep oorgeneem is en jy sien net matrasse en komberse en plakkers. Dit lyk sleg!!! en waar is die eienaar? Waar is hulle Toilette??? Dit is mos nie reg nie. Nee dit laat geen goeie indruk vir die ingang van Wellington nie. Gawie Burger”

3. Nog Pogings tot huisbraak

3.1 “Ek lees nou hier van die mense wat so hier in **Black Prince str** rond drentel. My huis is ook daar naby en gister oggend was my vrou by die huis toe sy hoor maar hier krap iemand by die venster toe sy kyk toe sien sy net die hand wat inkom om die venster oop te trek. Sy het toe dadelik alarm gemaak met die hoop om die mens of mense af te skrik wat ook gelukkig gebeur het. So ons was ook amper deel van die statistieke. Vriendelike groete De Wet Burger Jnr”

3.1 “Lyk my die boosdoeners penetreer Berg en Dal ook al meer. Gister middagete staan ek in my agterplaas en hoor ‘n vreeslike rumoer. Dis toe twee kalante, seker so 30 jaar oud, een met n leer/kunsleer baadjie aan wat oor die draad agter Marietjie se huis vanuit La Rochelle straat Marietjie se bure agter haar) spring. Toe hulle sien hulle kan nie by Marietjie uit nie, spring hulle oor my 7vt vibracrete muur tussen my en Marietjie. Die een slaan toe rigting in om na my voorkant in Richelieustr te probeer wegkom maar ek is toe ongelukkig in sy pad en hy spring weer oor die muur in Eric se erf.- Die ander een kort op sy hakke. Erens moes hulle hulle @#\$ suur geval het want daar het genoeg takke gekraak. Maar nou ja, dis so vinnig oor, jy kom eers tot verhaal wanneer hulle al oor die riviértjie op pad plase toe is. Al wat ek probeer se is moenie oorgerus word wanneer daar nooit iets in jou omgewing gebeur nie. Dit GAAN gebeur. Ongelukkig is die area polisie sel ook nie beantwoord nie. Wees maar altyd paraat Groete Rian Burger”

4. Kommentaar tov die verkeer situasie

“Wat die gebrek aan verkeerswetstoepassing betref kan ek nie anders as om met die ander gebelgdes saam te stem nie. En die keer wat jy hulle sien is dit n geval van "visible, but not available". Kerkstraat alleen het minstens een verkeersbeampte voltyds gedurende besigheidsure nodig. Hy sal sy salaris en die van n groot deel van die verkeersafdeling gou-gou verdien deur slegs op taxis en ander selfsugtige idiote, wat tot frustrasie van ander padgebruikers, op ROOI strepe parkeer, te konsentreer. Ek wonder of die betrokke departement aan sy beamptes maandelikse doelwitte stel in terme van bv. hoeveel kaartjies/dagvaardings elkeen moet uitreik. Ek weet die Kaapse verkeersdepartement het dit destyds gedoen ten einde te verseker dat sy beamptes nie net werk toe kom nie, maar inderdaad WERK ! Dit sal interessant wees om te sien wat die maandelikse gemiddelde hoeveelheid kaartjies per beampte beloop. Ons agbare raadslid wat vir die portefeulje verantwoordelik is was mos hoeka n poeliesman op sy dae en behoort te weet wat hulle daar gedoen het om die luies aan die werk te kry. Ek dink hulle het dit daai tyd genoem "Management by Objective". Miskien kan hy net weer in sy ou leerstof gaan delf. Groetnis Retiefs”

5. Het iemand dalk hierdie foon opgetel?

“Julle het nie dalk iets gehoor van ‘n **Windows Nokia Foon** wat iemand opgetel het **naby Brent Oil** nie. Ek het my foon op my kar se dak vergeet en gery. Hy het nog gelui vir ‘n halfuur daarna en toe ek terug is, is die foon dood en net my cover het agter gebly in die straat. As ek net die foto’s daarop kon terug kry... Maar nou ja. DALK het IEMAND vir jou laat weet van ‘n foon wat opgetel is in die pad voor BRENT OIL... Dankie”

www.WellingtonINFO.co.za